

’n Moontlike respons op ons ‘roerige tye’

Hierdie bundels beeldgedigte stel minder bekende Nederlandse skilders bekend. Vir die leser wat fyn lees, is hier veel te vinde, skryf **Bibi Burger**.

Poësie

In die stille agterkamer Gesant van die mispels

Marlene van Niekerk
HUMAN & ROUSSEAU, R250 elk

Gesant van die mispels en *In die stille agterkamer* bevat gedigte wat beskryf kan word as “ekfrastiese poësie” – gedigte wat gaan oor visuele kunswerke. Elke gedig in die twee bundels staan teenoor ’n afdruk van ’n skildery deur, onderskeidelik, Adriaen Coorte en Jan Mankes.

Boeke wat visuele kuns behels, of dit nou strokieskuns of koffietafelboek is, bly dikwels vir langer fassinerend. By sulke boeke gaan dit nie net oor die verhaal, gedigte of niefiksionele vertellings in die boek nie. Die boek self is ’n artefak wat oor en oor van die rak geneem kan word.

In Marlene van Niekerk se oeuvre sluit hierdie nuwe bundels aan by *Memorandum*, ’n roman met skilderye deur Adriaan van Zyl, en ook by die Engelse vertaling van die kortverhaalbundel *Die sneeusla-per* met kuns deur William Kentridge (in laasgenoemde geval het die kuns ná die teks gekom). Van Niekerk se vorige digbundel, *Kaar*, is ook as voorwerp (en nie net as digbundel nie) mooi, gedruk in Janson Text en met ’n minimalistiese voorblad.

Coorte en Mankes is albei skilders wat in hul eie tyd misken is. Coorte (1659-1707) se skilderye is klein, onpretensieuse stillewes, meestal van vrugte en groente. Die spreker van die vierde gedig in *Gesant van die mispels* karakteriseer Coorte se werk as “’n kuis repliek” op die oordaad van die Nederlandse Goue Eeu. Die gedigte in die bundel is dan ook skynbaar eenvoudig en bevat in die algemeen minder van die “taalmaneuvers” wat Zandra Bezuidenhout in *Kaar* identifiseer.



In die gedig op bl. 27 (al die gedigte in albei bundels is ongetiteld) vra die spreker vir die skilder hoe hy sou antwoord as “’n veldheer” hom sou afmaak as “’n poef wat sig bemoei met bessieblare?” In die volgende strofe kom die antwoord: Alle kuns word geskep teen ’n maatskaplike agtergrond, “iewers die vergiet van bloed / en miljoene wat krepere, maar dat ’n skuldgevoel / in dié verband niks meebring aan tegoed, dat as jy / iets kon waarmaak en bewys, dit somerhitte was”. So ook is Van Niekerk in dié bundel gemoed met bessieblare, met somerhitte.

Mankes (1889-1920) se skilderye sluit weer (volgens *In die stille agterkamer* se nawoord) nie aan by die impressionisme en postimpressionisme van sy tyd nie. Sy skilderye is eerder beïnvloed deur die Symbolisme wat in Nederland veral



Marlene van Niekerk

Foto: SIMONE SCHOLTZ



in die literatuur van die Tagtigers invloedryk was.

Die skilderye wat in die bundel ingesluit is, is veral selfportrette en skilderye van uile en ander voëls sowel as die Friese landskap, alhoewel daar ook soos by Coorte skilderye van alledaagse huishoudelike voorwerpe is. Hierdie skilderye het ’n droomagtige kwaliteit. Om hierdie kwaliteit in woorde vas te vang, is vernuwend taalgebruik nodig, nader aan dié wat in *Kaar* gevind word.

Op bl. 15 word ’n skildery van ’n uil byvoorbeeld só beskryf:

*’n eindelose tintin
van groen blaarouwers
in die riet (pointillistiek
wat mot en mineraal
betrek) – jou fyn
beuurvliegde twee
vleuels soos ’n frak.*

Die nawoord van hierdie bundel bevat ook ’n leidraad tot Van Niekerk se doel met al twee bundels. Sy sê naamlik dat Mankes se werk “’n moontlike respons van kunstenaars op roerige tye (verteenvoerdig): afsondering, tegniese inspanning, ’n verlangsaamde maakproses en emosionele fokus”. Dit stel sy teenoor kuns “wat vir ’n effek van ‘betrokkenheid’ afhanklik is van reaksie, ekspressie, instrumentalisering en retoriek”.

In hierdie twee bundels kies Van Niekerk klaarblyklik vir die eersgenoemde soort kuns – poësie met ’n noue fokus op onderwerpe wat net ’n beperkte gehoor interessant



Hierdie skilderye het ’n droomagtige kwaliteit. Om dit in woorde vas te vang, is vernuwend taalgebruik nodig.

sal vind. Bewonderaars van *Triomf*, *Agaat* en *Kaar* se meer polities betrokke gedigte sal waarskynlik teleurgesteld wees.

Persoonlik dink ek egter dat daar ruimte vir albei soorte kuns is, en dat die onderskeid tussen die twee ook nie so streng volhoubaar is nie.

Die keuse teen politieke kuns is naamlik steeds ’n politieke besluit, soos die spreker van die gedig op bl. 54 van die Coorte-bundel bewus is:

[...] Mens weet, uit hande so bevoorreg kom dikwels net ’n skrywery. Mens ken daarom jou plek. Met ’n jaloers-ekfrastiese gebaar hou ek jou voor as meester van besonderhede te midde van misbaar. [...]

Om ’n politieke stelling te maak oor jou wegkeer van politieke stellings kan dalk gesien word as ’n poging om jou brood aan albei kante te botter. Tóg is dit ook nie ver-

basend dat bundels oor kunswerke ook handel oor die rol van kunstenaarskap nie.

Wat aanvanklik voorkom as ’n doelbewuste wegkeer van die werklikheid en ’n verdieping in stowwerige onderwerpe, blyk wel ’n gedempte passie vir die mens en die mens se omgang met die wêreld te hê. Dit is veral waar van die gedigte oor Coorte se stillewes van kos, soos in hierdie een van ’n tros druive:

[...] jou oë, kyker, in hul kas van been, trek halfpad in verlekking reeds vaal; die suur en bitter pitte kraak op laas die steen van jou tande – vooruitgeskoude stellings van skelet, verbete in jou murf, wêreldkoesterende mond.

In een van die gedigte in *Gesant van die mispels* verduidelik die spreker dat haar wens is dat “’n digwerk jou / gedagtes so tot stilstand [kon] bring” soos Coorte se eenvoudige skildery van ’n okkerneut. Die leser se gedagtes word egter nie stilgemaak deur bogenoemde gedig oor druiwe of die meeste ander gedigte nie.

Die bundels kan eerder beskryf word as uitdagend en soms frustrerend.

’n Fyn lees en stip aandag word egter beloon met ’n vernuwend en “verlekkerende” prikkeling van nuwe gedagtes.


■ **Bibi Burger** is ’n dosent in Afrikaans aan die Universiteit van Pretoria.

Gaydebat is almal se debat

Niefiksie

Weerlose weerstand

André Bartlett
PROTEA, R200



Die vraag oor waar die NG Kerk met die gaykwestie staan word priemend onder die loep geneem in *Weerlose weerstand*.

Lesers sal die naam André Bartlett herken as iemand wat nou betrokke by die omstrede debat is. Met hierdie boek verduidelik hy sy bemoenings met die gaydiskoers in die kerk, hoe hierdie narratief daar uitsien en sy standpunt daaroor. Want anderkant koe-rantopskrifte, sinodale sittings en taakspanne is mense wat smag om erkenning en aanvaarding.

Bartlett karteer gay gelowiges se stryd om erkenning in die kerk met hierdie seminale boek op ’n boeiende en insiggewende wyse. Sy belewenis van die gayvraagstuk strek terug na die vorige politieke bedeling as kapelaan in die weermag. Hier het hy jong mans ontmoet met ’n behoefte om eerlik oor hul seksuele oriëntasie te wees. Dit was ’n moeilike tydgleuf toe die reaksie op sulke ontboesemings kru was. Die “antwoord” op gay-wees was niks anders as primitief nie.

Hoe inkrementeel die gaydebat in die kerk tot op hede gevoer is, bewys hoe ’n sensitiewe onderwerp dit vir sommige mense blyk te wees. Tydens 1986 se algemene sinode was die standpunt nog verkrampt. Hierna word tot die Wes-Kaapse sinode in 1995 gewag alvorens die kwessie hoegenaamd weer op die agenda geplaas word.

Ter sprake by die oorweging van die saak is Skrifgesag, grondige eksegese en verantwoordelike hermeneutiek. Daar is veral twee denkskole oor die saak. Die een groep is eng behoudend. As eksponent van die progressiewes doen Bartlett groot moeite om aan te toon hoe versigtig ’n mens met die vertolking van teksverse moet wees. Ek het die kontekstualisering van teksverse oor homoseksualiteit uiters insiggewend gevind.

Die Rubicon-oomblik vir die NG Kerk gebeur tydens 2015 se algemene sinode met ’n besluit wat as demokraties, inklusief en verreikend beskou is.

Hiervolgens word gay lidmate volledig aanvaar en die besluit word geneem om burgerlike verhoudings tussen mense van dieselfde geslag te seën, ofskoon dit nog nie ’n huwelik genoem word nie. ’n Hoopvolle toekoms vir gay gelowiges het oplaas gewink.

Dié blye mare het egter nie lank geduur nie.

Die stormwolke in die kerk het saamgepak en vir die eerste keer in die geskiedenis van die NG Kerk is ’n buitengewone vergadering van die algemene sinode in Oktober 2016 byeengeroep.

Het die kruispad ’n doodloopstraat geword?

Sonder om apodikties te wees, kry hierdie boek dit reg om die leser met hart en verstand na die gaydebat te laat kyk. Of jy kerk toe gaan of nie, *Weerlose weerstand* verdien ’n wye leserspubliek.

Die gaydebat is almal se debat.


■ **Francois Bekker** is ’n vryskutresensent van Pretoria.

Oor vroue en vooroordeel

Fiksie

Drie vroue en ’n meisie

Hans du Plessis
LAPA, R270



Dit het my nog altyd geïrriteer dat geskiedenisboeke feitlik nooit vroue se ervaring opteken nie, amper nie eens in die voetnotas nie. Miskien is dit hoekom historiese romans so gewild is, want in dié leemte is dit een manier waarop ’n mens op ’n vermaaklike manier kan leer hoe vroue deur groot wêreldgebeure geaffecteer is. Want ja, ongelukkig kan ’n mens vroue ignoreer wanneer jy ’n geskiedenisromanboek skryf, maar wanneer jy fiksie skryf, is dit nie so maklik nie.

Du Plessis se boek trek weg in die era toe die Boereoorloë nog nie vergete was nie en mense van oor die wêreld na Suid-Afrika gekom het om hul fortuin te kom soek.

Rasseongelykhede het natuurlik reeds bestaan, hoewel “groot apartheid” nog ’n ent weg was en Afrikanernasionalisme ’n boontjie... ’n Fassinerende tyd dus waarin hy fassinerende vrouekarakters plaas.

Die eerste is ’n Skotse diamantdelwer se vrou wat maar net nie by die harde Noordwes-hoëveld kan aanpas nie. Haar lewe eindig tragies en sy is op die ou end in ’n oop myn begrawe.

Die Skot vlug en hul babadogtertjie word deur ’n groothartige Afrikaanse bywonersvrou aangeneem en grootgemaak. Maar dié twee se storie eindig ook ellendig.

Hoogmoed, agterdog en onnoselheid lei egter daartoe dat die kind as ’n uitgewekene beskou word, al is sy hier gebore en net so Afrikaanssprekend soos haar bure. Hier is geen sprake van ’n idilliese plaaslewe nie. Die mense sukkel en die koms van ’n trekker sorg vir ’n verdere skeuring.

Du Plessis se beskrywings van die trekker se koms, en later ’n stroper, en al die emosies wat daarmee gepaardgaan, is van die beste dele in die boek.

Die weeskind, wat intussen ’n ma geword het, trek Johannesburg toe, waar dit aanvanklik nog slegter gaan totdat sy op die radar verskyn van mense en groepe wat hulle met die ophewing van Afrikaners bemoei. Vir haar is dit dinklik te laat om self veel voordeel hieruit te trek, maar ten minste help dit haar kinders.

Die “meisie” in die boek se titel is ’n hedendaagse student, Katryn, die vierde geslag in Du Plessis-storie, wat haar herkoms met die hulp van haar skryfkunsprofessor wil naspoor.

Ek het eers gewonder hoekom Du Plessis dié karakter se storie as raamwerk vir die res van die verhaal gebruik, want dit het die boek ’n bietjie hortend laat begin. Maar aan die einde kom alles baie bevredigend bymekaar. Die lineêre storie kry ’n knap sikliese slot wat ná al die swaarkry en ellende ’n groot verligting is.

■ **Helen Schöer** is ’n vryskutresensent van Johannesburg.

Ontstellende, woedende verslag van ’n jeug

Memoires

Killing Karoline

Sara-Jayne King
JACANA, R240



Traumaliteratuur, as ons dit so wil noem, word geskryf deur “gewone mense” wat vertel van ’n traumatiese lewe of ’n traumatiese greep uit die verteller se lewe. Die aangrypende, selfs ontstellende aard van dié vertellings onderskei dit van memoires in die algemeen. Boeke soos hierdie het baie gewild geword, veral in Suid-Afrika.

Killing Karoline is een van die mees onlangse voorbeelde van dié soort literatuur. Sara-Jayne King se biologiese ma, van Britse afkoms, was in ’n verhouding met ’n (wit) man, maar het ’n affair met ’n swart man gehad. Sy het swanger geraak, getrou en geboorte gegee aan ’n dogtertjie. Dit was gou di-

delik dat die baba se biologiese pa swart is. Dit was 1980. ’n Wit egpaar met ’n gekleurde baba was “onwenslik” en seks oor die kleurgrens onwettig: Sara-Jayne (aanvanklik Karoline) se ma kon tronk toe gaan as dit bekend word dat haar dogter se biologiese pa swart is.

Die baba se ouers is Engeland toe onder die voorwendsel dat hul dogtertjie daar mediese hulp moet kry. Hulle keer terug Suid-Afrika toe met die nuus dat die baba “geste-” het. “Karoline” word intussen in Brittanje deur ’n ouerige wit egpaar – wat later sou skei – aangeneem en herdoopt. Sy het ’n ouer broer, ook aangeneem en ook met ’n donker vel, wat as tiener sou selfmoord pleeg.

Die “sprokie” van aanneming word as ’n nagmerrie ontbloot. Die rooskleurige scenario van ’n ouerpaar wat nie self kan kinders hê

nie en oorloop van liefde wat hulle op kinders wil uitgit, is dikwels ’n mite.

Afgesien van die identiteitskrisis wat aanneemkinders tipies tot laat in hul lewe ervaar, is Sara-Jayne en haar broer se donker velkleur ook in hul “nuwe” vaderland – waar ’n bleker velkleur die norm is – problematies. Sara-Jayne se eksistensiële wanhoop neem toe, veral toe sy met haar biologiese familie probeer kontak maak en deur hulle verwerp word.

As student in die regte en later joernalistiek blink sy uit, maar word die slagoffer van drankmisbruik en ’n eetsteuring.

Sy verhuis Dubai toe, maar haar verblyf word deur haar drankmisbruik kortgeknip. Sy word Suid-Afrika toe gestuur vir behandeling en maak eendelik kennis met haar biologiese halfbroer en sommige ander familieleden.

Sara-Jayne vestig haar in Suid-Afrika en is deesdae bekend as radio-omroeper en joernalis.

Killing Karoline is ’n goed geskrewe, ontstellende en soms woedende verslag van ’n tragiese jeug en ’n genadelose betoog teen die onreg wat veral kinders aangedoen word, maar ’n temerige gekerm is dit nie: Daarvoor is hierdie leeservaring heeltemal te aangrypend.

Resensente en letterkundiges word soms gekritiseer vir hul beheptheid met genres en subgenres, maar dit is dikwels ál manier om die legio soorte boeke – fiksie so wel as niefiksie – waarmee boekwinkelrakke volgepak word sinvol te beoordeel. As traumaliteratuur is *Killing Karoline* voortrefflik; as somer net nog ’n boek is dit ’n leeservaring wat lank onthou sal word.

■ **J.B. Roux** is ’n vryskutresensent van Riebeeck-Wes.